# BOEKBESPREKINGS/BOOK REVIEWS

B.J.T. LEVERTON (ed.)
Records of Natal. Volume Three, August 1835 - June 1838
*South African Archival Records: Important Cape Documents, Vol. VI*
Pretoria: The Government Printer
1990
331 pp.
R10.00 (exclusive)
ISBN 0-7970-1603-1

This is the latest work in the *South African Archival Records* series of published documents from the Cape Archives Depot on Natal's history preceding formal British occupation and annexation. The first two volumes have been well received and this volume will be as useful to researchers as its predecessors have been.

There is an introduction which describes the nature of the documents, gives a synopsis of events between 1835 and 1838 and an outline of editorial policy, and there is also a comprehensive index. The meat of the book is, of course, the 17. official documents relating to Natal drawn together from various official Cape sources. The editor and the other publications officers at the Natal and Cape Archive Depots, have collaborated well on this meticulously edited and authoritatively presented work.

The documents span a critical period, from 1835 to 1838, when South Africa was being transformed by the large scale movement of farmers, their dependents and servants from the east of the Cape Colony to the interior, and thence to the well-watered areas of Natal and the marchlands of the Zulu kingdom. These documents do more than simply reflect the official views of the British colonial authorities in Cape Town, and of their subordinate officials and agents in the frontier and trans-frontier zones; they provide, in handy and comprehensive form, a mass of rich and varied information on the situation in Natal and on relations between missionaries, traders, trekkers, and the Zulu and other chiefdoms and polities along the eastern seaboard.

Some of the documents presented in this volume have been published elsewhere, such as *Document No. 34,* which contains evidence submitted to the 'House of Commons Select Committee on the protection of native tribes in Southern Africa'. The archival integrity of the records has also meant that a few documents printed in the first two volumes of this series have been reprinted in this volume, e.g. in *Document No. 116* which is a despatch from Sir Benjamin D'Urban to Lord Glenelg, dated November 1837. There are twenty-seven annexures dating from 1828 which refer to the transfrontier crisis when Col Henry Somerset undertook a major military action across the Eastern Frontier, apparently believing that he was engaging a Zulu army. Most appear here for the first time, but some appeared in the preceding volumes.

There is much in this volume, and particularly in the 1828 material, that will fuel the current debate on the concept of the Mfecane which has been prompted by the "Cobbing Thesis". This postulates slave raiding in the interior and along the eastern seaboard as the principal cause for the enormous social and political upheavals in the 1810s and 1820s. In this sense the publication of this volume is surprisingly timely.

There is material on the activities of Captain Allen Gardiner and on the curious incident in 1835 when he persuaded the ruffians at the Bay of Natal to dignify their squatter camp with civic status, colonial aspirations and the name of D'Urban! There is also a great deal of material that relates to the Trekkers in Natal, some of it illustrative of tensions within the Trekker communities, e.g. *Document No. 123,* which is a letter from P.L. Uys disassociating himself from Retief's anti-Government views and protesting his loyalty to the Crown. There are also the despatches which reveal the news of the death of the Retief party at Dingane's capital and the subsequent Zulu raids on the Trekker laagers.

This series of source publications greatly amplifies older publications of historical documents on this period, notably John Centlivres Chase's *The Natal Papers* (Cape Town, reprinted 1968) and John Bird's *The Annals of Natal*, Vol. I (Pietermaritzburg, 1888). The editorial intervention in this volume adheres to high professional standards and there is no contemporary bias to distort the selection of documents for publication as occurred with Bird and Chase.

There are nevertheless areas where improvements would be welcome. A list of abbreviations which includes an explanation of the reference letters for archival series in the Cape Archives Depot, and elsewhere would be more than helpful. It is also a great disappointment to read a work published in 1990 that makes no concessions to modern Zulu orthography. This is more than just irritating and old fashioned: it makes for difficulties in identification when comparing polities and places described in

modern works with those mentioned in this volume. The spelling should not be changed in the original documents, but an extensive table comparing contemporary and current terminology would be of great assistance to researchers and enhance the professional standard of the publication itself.

The Archives Commission would be well advised to insist on a more up to date approach in archival publications. The State Archival source publications should adhere to similar standards of orthography as other modern source publications, such as those brought out by the Killie Campbell Africana Library. Not only would such a policy enhance the usefulness of the State's source publications, but it would assist in ensuring that these will continue to appear in a form relevant to the changing focus of the historical debate in the "new South Africa".

GRAHAM A. DOMINY
*Natal Museum, Pietermaritzburg*

S.P.R. OOSTHUIZEN (red.)
Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat (met bylaes), Deel VII (1863)
*Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Oranje-Vrystaat No. 7*
Pretoria: Die Staatsdrukker
1990
346 pp.
Prys nie vermeld nie
ISBN 0-7970-1586-8

Met die publikasie van die Vrystaatse Volksraadsnotule en bylaes van 1863, word relatief belangrike argivale bronne in 'n leesbare en toeganklike vorm tot die beskikking van navorsers en ander belangstellendes gestel. Die redakteur, S.P.R. Oosthuizen, verdien lof vir die wyse waarop hy noukeurig die oorspronklike dokumente ontsyfer, getranskribeer en geredigeer het, en verbandhoudende briewe, verslae en dies meer bymekaar gebring het. Deur middel van 324 annotasies (in die meeste gevalle bloot kruisverwysings) word die notule (pp. 3-83) saaklik toegelig, terwyl in 223 voetnote daar op die inhoud van die 221 bylaes (pp. 87-338) kommentaar gelewer word.

Die jaar 1863 was van deurslaggewende belang in die geskiedenis van die jong Boererepubliek Oranje-Vrystaat. In die loop van daardie jaar het Marthinus Wessel Pretorius bedank as president. Geruime tyd reeds het hy toenemend in die politieke stryd in Transvaal betrokke geraak en gevolglik al minder tyd en aandag geskenk aan die dringende vraagstukke wat die Oranje-Vrystaat geknel het. Reeds op 5 Februarie 1863 het hy sy bedanking ingedien, maar in die lig van die kritieke toestande wat in die land geheers het, het die Vrystaatse Volksraad dit nie aanvaar nie (p. 65). Die grensgeskille met koning Mosjwesjwe se Basoeto het naamlik steeds vererger. Pogings om die grens opnuut af te baken en deur Mosjwesjwe te laat goedkeur, het misluk, en boonop het die grenspolisie - op wie veel hoop gevestig is - as gevolg van finansiële redes misluk, en is die mag dus ontbind (p. 58 *et. seg.*). Gevolglik het die Basoeto Vrystaatse grondgebied dieper binnegedring, sonder dat enige kragdadige poging van Vrystaatse kant aangewend is om hulle te verhinder. Die nuwe Kaapse goewerneur, sir Philip Wodehouse, is genader om as arbiter in die grensgeskil op te tree, maar as gevolg van Mosjwesjwe se vertragingstaktiek is nie veel vordering in dié verband gemaak nie (pp. 151-159).

Terwyl hy weer eens uit die Vrystaat afwesig was, het Pretorius op 15 April 1863 finaal as president van die Vrystaat bedank (pp. 291-292) en is sy bedanking deur die Volksraad aanvaar (p. 69). Intussen het die staatsekretaris en tesourier-generaal, Joseph Allison, as staatspresident waargeneem. Hy het sy bes gedoen om die vrede met die Basoeto te probeer bewaar, byvoorbeeld deur volgehoue briefwisseling met hul koning (kyk byvoorbeeld pp. 299-300, 308). Tydens 'n buitengewone sitting van die Volksraad gedurende Junie 1863 is Jacobus Johannes Venter as tussentydse president aangewys (p. 320). Onder sy voorsitterskap moes 'n kommissie poog om die Wardengrens opnuut aan te wys en af te baken, maar hulle kon nie daarin slaag nie. Ook langs die suidelike en westelike grens het botsende aansprake wrywing geskep, want Nicolaas Waterboer se Griekwas het aanspraak gemaak op dele van dié gebied, wat die Vrystaatse Volksraad van Adam Kok deur 'n grondtransaksie gekoop het (pp. 11-12, 129-134, 136-138).

Intussen is Johannes Henricus Brand, in daardie stadium advokaat en politikus in Kaapstad, reeds op 20 Junie 1863 deur die Vrystaatse Volksraad as hulle kandidaat vir die vakante presidentskap benoem (pp. 73-74). Tydens 'n presidentsverkiesing in November 1863 is Brand met 'n oorweldigende meerderheid deur die stemgeregtigde Vrystaters tot die land se vierde staatspresident verkies. Vir die volgende bykans kwarteeu lank sou Brand die grondslag vir 'n modelrepubliek lê.

Die Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat vir 1863 en verbandhoudende bylaes werp dus lig op wat in meer as een opsig as 'n waterskeidingsjaar in dié Boererepubliek se geskiedenis beskou kan word: die einde van die veelbewoë pioniersera en die begin van 'n tydvak van stadige dog

sekere ontwikkeling. Die jongste publikasie in die reeks is op gebruiklikerwyse in 'n maklik leesbare lettertipe geset, op duursame papier gedruk en pragtig ingebind. Tegnies is dit keurig versorg en die omvattende register dra daartoe by om die groot hoeveelheid inligting wat in die publikasie vervat is, vir die navorser en belangstellende te ontsluit.

Die vraag sou gevra kon word of die Suid-Afrikaanse owerheid dit in die huidige tydsgewrig nog kan bekostig (en kan regverdig) om hierdie tipe publikasie die lig te laat sien. Indien dit sou blyk dat daar wel by navorsers en by 'n deel van die publiek volgehoue belangstelling bestaan in hierdie era in ons land se geskiedenis en dat heelwat navorsing steeds oor dié tydvak gedoen word, en indien die publikasiereeks ordentlik bemark word en dit wel relatief gesproke goed verkoop - dan word die hoop uitgespreek dat die owerheid in die toekoms steeds sy weg sal oopsien om fondse vir hierdie doel beskikbaar te stel. Dit mag egter die moeite loon om nou reeds alternatiewe finansieringsmoontlikhede te ondersoek.

ANDRÉ WESSELS
*Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein*

J.C.A. BOEYENS
Die konflik tussen die Venda en die blankes in Transvaal, 1864-1869
*Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis 53(2)*
Pretoria: Die Staatsdrukker
1990
115 pp.
R10,00 (eksklusief)
ISBN 0-7970-1666-X

Die geskiedenis van Schoemansdal (1848-1867), die mees noordelike Voortrekkernedersetting in die destydse Zuid-Afrikaansche Republiek, is die ideale prototipe vir 'n kameestudie van verhoudinge, aanpassings en konflik tussen blanke nedersetters en inheemse gemeenskappe op die negentiende eeuse grensterrein in Suider-Afrika. Verskeie historici het reeds navorsing oor die geskiedenis daarvan gedoen.

In die meeste gevalle is in besonder klem gelê op die geskiedenis van Schoemansdal, kleurryke leiersfigure en die invloed wat die ontruiming van die dorp op die latere vestigingspatroon in Noord-Transvaal uitgeoefen het.

Boeyens het in die studie onder bespreking die konflik tussen die Venda en die blankes in Transvaal in besonder onder die loep geneem. Die werk is grootliks geskoei op primêre bronne in die Transvaalse Argiefbewaarplek, die bevindinge van vroeër skrywers, asook die waardevolle inligting wat deur N.J. van Warmelo vroeër dié eeu deur middel van mondelinge oorlewering ingewin is. Die resultaat is 'n prysenswaardige poging om agter die kap van die byl te kom van wat werklik tot die streekskonflik aanleiding gegee het.

Die skrywer het goed daarin geslaag om die interne politieke magsverhoudinge en intriges in die geledere van die onderskeie Venda en Tsonga gemeenskapsleiers te belig. Daar is egter onvoldoende aandag gegee aan die diplomatieke offensiewe wat geloods is om die samewerking van byvoorbeeld die Swazi's te kry in die militêre optredes van Stephanus Schoeman in 1867-1868 teen die Venda. Ook kon die uiters belangrike rol van Joao Albasini as plaaslike hoof en politieke akteur, meer belig gewees het. Hierdie geringe kritiek mag ongegrond wees in die lig van die werk wat reeds deur O.J.O. Ferreira (*Stormvoël van die Noorde: Stephanus Schoeman in Transvaal* (Pretoria, 1978)) en B.J. de Vaal (Die rol van Joao Albasini in die geskiedenis van die Transvaal, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 16(1), 1953)) daaroor gedoen is.

'n Belangrike aspek waaraan omvattende aandag gegee word, is die onenigheid wat onder die blankes bestaan het op 'n tydstip toe dit gegaan het om die verdediging en behoud van die mees noordelike grensterrein van die Z.A.R. Die redes vir die ontruiming van Schoemansdal was meervoudig en uiters kompleks, vanweë die politieke intriges wat in die Z.A.R. asook Noord-Transvaal in besonder aanwesig was.

Ofskoon die latere Staatspresident, S.J.P. Kruger, wat as militêre bevelvoerder tydens die veldtog in 1867 diens gedoen het, amptelik van alle blaam onthef is, was hy nog baie jare daarna vir die ontruiming verkwalik. Die onwilligheid van die landsburgers om kommandodiens te verrig asook die feit dat daar klaarblyklik 'n algehele tekort aan ammunisie in die Z.A.R. op die betrokke tydstip bestaan het, dui op die omvangryke politieke probleme waarmee die jong pioniersrepubliek gekonfronteer was.

Die skrywer waag dit nie om breedsprakige stellings te maak nie en bepaal hom eerder by die onderwerp van plaaslike politieke konflik - 'n besonder verdienstelike benadering. Foute van ander navorsers op die terrein word noukeurig aangestip en in samehang met die beskikbare primêre dokumente aan bronnekritiek onderwerp.

In sy geheel is die werk keurig en 'n goeie bydrae tot die geskiedenis van die distrik Soutpansberg in die negentiende eeu.

JOHANN W.N. TEMPELHOFF
*Universiteit van die Noorde, Sovenga*

JACQUES MALAN
*Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902:*
*'n monografie van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria*
Pretoria: J.P. van der Walt-uitgewers
1990
234 pp.
R75,00 (eksklusief)
ISBN 0-7993-1372-6

Jacques Malan is geen onbekende in kultuurhistoriese kringe nie en het reeds 'n aantal prominente publikasies die lig laat sien. In hierdie verband is sy *Rytuie van weleer* (1981) en sy bydraes tot die Malan-genealogie seker die bekendste.

Die veertien jaar wat hy aan die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria verbonde was, het aan hom die nodige agtergrond en kennis verskaf om hierdie album van offisiere, wat aan Boerekant in die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 geveg het, saam te stel.

Dit is 'n omvattende werk wat met sy 730 inskrywings sekerlik aanspraak kan maak op die titel: die "mees" volledige werk oor dié onderwerp. Ongelukkig kom daar heelwat hinderlike foute in die boek voor. So byvoorbeeld is daar 'n aantal onbevredigende invoegings (bv. die verwysing na die Jameson-inval as 'n oorlog teen koningin Victoria) in die onnodige tabel op pp. 5-6 - onnodig omdat dit glad nie by die onderwerp van die boek pas nie.

Die ander meer opvallende foute is die volgende: genl. W.F. Gatacre, nie Catacre nie (pp. 4 en 13); genl. Beyers was assistent-kommandant-generaal, nie assistent-kommandant nie (p. 18); P.J. le Riche het nie in 1980 'n boek *Memoirs of Gen. B.D. Bouwer* gepubliseer nie (p. 20), want Le Riche is reeds in 1967 oorlede en sy manuskrip oor genl. Bouwer is in 1980 deur O.J.O. Ferreira geredigeer en geannoteer en onder die titel *Memoirs of General Ben Bouwer* deur die R.G.N. gepubliseer.

Verder: genl. F.A. Grobler is nie as assistent-generaal aangestel nie (p. 33), maar as assistent-kommandant-generaal. Die inskrywing oor genl. H.J. Schoeman (p. 51) is ook nie heeltemal korrek nie. Schoeman is reeds op 8 Oktober 1900 in die distrik Rustenburg gevange geneem en op 14 Oktober in Pietersburg opgesluit, nie 29 November nie. Daarna is hy op 29 November op Nylstroom (nie Warmbad nie) deur regter L.E. (Lodi) Krause (nie deur F.E.T. Krause nie) verhoor. F.E.T. Krause het - ook volgens Malan self op p. 99 van hierdie boek - reeds op 31 Mei 1900 oorgegee toe die Britse magte Johannesburg verower het. Schoeman is skuldig (nie onskuldig nie) bevind en verder aangehou. Hy is, volgens 'n ooggetuie, oorlede toe hy (nie een van sy gaste nie) 'n brandende vuurhoutjie in 'n bomdop gegooi het.

Verder: genl. Tobias Smuts was nie 'n broer van genl. J.C. Smuts nie (pp. 51 en 54) maar slegs "a distant relative", soos J.C. Smuts se seun in sy biografie oor sy vader, *Jan Christian Smuts*, op p. 60 skryf. Die boek *Jan Christian Smuts: the conscience of a South African* is nie deur J. Kenneth Lugham geskryf nie (p. 54), maar deur Kenneth Ingham. Was kmdt. Calman Lion-Cachet, seun van prof. Jan Lion-Cachet, se oom se naam ook Jan (p. 101)? Kmdt. Piet Moll is nie gewond in 'n geveg teen "die Australiers" (Malan verwys hier seker na die Australiese "Bushveld Carbineers") nie (p. 108), maar in 'n geveg teen "Steinackers Horse". Kmdte. J.P. Neser en S. Neser (pp. 111 en 112) is dieselfde persoon; trouens, daar was geen kmdt. S. Neser nie. Malan se bron vir kmdt. S. Neser is P.H.S. van Zyl, *Die helde album*, p. 371, wat net Neser (sonder 'n voorletter) vermeld. Dit is egter kmdt. J.P. Neser na wie Van Zyl verwys.

Nog foute: kmdt. B.J. Vorster het nie genl. F.A. Grobler as hoofkommandant opgevolg nie en het ook nie "die Britte baie hoofbrekens besorg in sy weerstand nie" (p. 147); trouens, kmdt. Vorster het reeds in Mei 1901 oorgegee. Lt. S.P. Schutte was reeds in 1894 (dalk selfs vroeër) 'n luitenant in die Staatsartillerie (nie eers vanaf 1898 nie) en was in bevel van Fort Burger (sonder die s - genoem na Schalk Burger) by Nieu-Agatha (nie naby Agatha nie) en in Mamathola se gebied, nie Modjadje se gebied nie (p. 212). F.W. Reitz het nie die Vrede van Vereeniging as dr. F.W. Reitz ondertken nie (p. 218). Hy het eers in 1923 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Stellenbosch ontvang.

Afgesien van hierdie ooglopende foute (daar sal ook ander wees) vind die leser dit onbevredigend dat oor party offisiere bladsye vol geskryf is en oor ander weer slegs een enkele sin, byvoorbeeld genl. C.H. Olivier en genl. F. Opperman (p. 48) en kmdt. T. Barry (p. 61). Daar is tog baie meer bekend oor kmdt. Japie Neser (p. 111) asook oor maj. John MacBride (p. 175) en lt. G.A. du Toit (p. 200) - om maar enkele voorbeelde te noem. Watter kriteria is gebruik om die lengte van die inskrywings te bepaal? Die skrywer kon hierdie tekortkoming voorkom het deur elke inskrywing in 'n vaste patroon te gegiet het sonder om aan sekere offisiere voorkeur te verleen.

Nogtans, ten spyte van hierdie gebreke, sal hierdie boek as 'n handige naslaanwerk bekend word wat in 'n bepaalde behoefte voorsien. Die boek se grootste bate is dat dit die volledigste lysting van Boere-offisiere is, met die grootste versameling foto's van hulle.

Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum moet geluk gewens word met dié publikasie en kan dit gerus oorweeg om die boek, wanneer die huidige oplaag uitverkoop is, met die nodige wysiginge te laat herdruk.

LOUIS J.S. CHANGUION
*Universiteit van die Noorde, Sovenga*

H. PHILLIPS
"Black October": the impact of the Spanish influenza epidemic of 1918 on South Africa
*Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 53(1)
Pretoria: Die Staatsdrukker
1990
281 pp.
R10,00 (inklusief)
ISBN 0-7970-1580-9

Die Spaanse griepepidemie wat in 1918 tussen 200 000 en 400 000 lewens in Suid-Afrika geëis het (p. 159), is die tema van Phillips se doktorale proefskrif, wat in die *Argiefjaarboek* 53(1), 1990, verskyn het. Die studie is in 1984 onder leiding van professor B. le Cordeur aan die Universiteit van Kaapstad voltooi.

Phillips se belangstelling in die invloed van die Eerste Wêreldoorlog op die Suid-Afrikaanse gemeenskap is enersyds deur sy nagraadse studie aan die Universiteit van Londen in 1972 en 1973 en andersyds deur sy familie se ervarings tydens die griepepidemie in 1918 beïnvloed. Hy spreek in sy voorwoord die hoop uit dat hy daarin geslaag het om sy inligting op so 'n wyse aan te bied dat dit terselfdertyd akademies gegrond en vir die leek verstaanbaar is.

Gepubliseerde bronne wat oor die griepepidemie in Suid-Afrika en elders in die wêreld handel, is skaars en bring die leser tot die besef dat Phillips 'n tema beet het wat veel verder ontgin kan word. Behalwe vir die een of twee hoofstukke wat Lawrence Green in *Grow lovely growing old* (Kaapstad, 1954) en Jose Burman in *Disaster struck South Africa* (Kaapstad, 1971) aan die griepepidemie in Suid-Afrika wy, word daar in die algemene geskiedenis slegs kortliks na hierdie gebeure verwys (pp. xv-xvi). Volgens Phillips is daar glad nie 'n tekort aan inligting rakende die epidemie nie, aangesien dit alle lae van die bevolking op een of ander manier geraak het. Tydgenootlike koerante en tydskrifte, regeringspublikasies, die geskiedenis van dorpe en streke, publikasies deur kerke en welsynsorganisasies, argiefstukke van die Unieverdedigingsmag en ander argiefbewaarplekke, private korrespondensie en persoonlike onderhoude was waardevolle bronne vir hierdie studie. Die bevindinge van die kommissie van ondersoek wat destyds deur die regering aangestel is en wat sedert 1919 onaangeraak op die rak van die Parlementsbiblioteek staan, was van onskatbare waarde. Die oorvloed van beskikbare bronne het vanselfsprekend heelwat probleme opgelewer wat Phillips redelik breedvoerig in sy voorwoord bespreek.

Die studie is in vier afdelings verdeel. Afdeling een handel oor die verloop van en die plaaslike reaksie op die epidemie. Vyf spesifieke areas, naamlik die Randse goudmyne, Kaapstad, Kimberley, Bloemfontein en die Transkei, is uitgesonder en elkeen in 'n afsonderlike hoofstuk bespreek. Hierdie gebiede is uitgesonder omdat hulle òf soos in die geval van die goudmyne die eerste was wat deur die epidemie getref is, òf omdat hulle soos in die geval van die ander vier gebiede baie swaar deur die epidemie getref is. Elke hoofstuk begin met 'n kort agtergrondgeskiedenis van die gebied, gevolg deur 'n weergawe van hoe en wanneer die epidemie in die besondere gebied uitgebreek het en die verlammende effek op die plaaslike gemeenskap. Hierop volg 'n beskrywing van die reaksie en in die meeste gevalle die powere optrede van plaaslike en nasionale owerhede en die medici om die situasie te red. Die optrede van veral die pas gestigte Departement van Openbare Gesondheid word telkens in die soeklig geplaas en weer eens in afdeling twee behandel - 'n indeling wat soms tot onnodige oor-

vleueling en herhaling lei. Die rol van die Unieverdedigingsmag word ook telkens in afdeling een uitgelig, maar nie in afdeling twee, wat oor die verloop en die nasionale reaksie handel, behandel nie. Dit is onduidelik waarom die rol van die Unieverdedigingsmag, wat juis indirek vir die verspreiding van die epidemie verantwoordelik gehou word, so afgeskeep word (p. 10).

Phillips verwys self na afdeling drie as die "mediese afdeling". Die geskiedenis van epidemies in Suid-Afrika, die aard van die Spaanse griepepidemie en populêre en godsdienstige opvattings oor die uitbreek van die epidemie word in hierdie afdeling behandel. Die herkoms van die Spaanse griep word in die inleiding en nie onder hierdie afdeling bespreek nie. Die tweede gedeelte van afdeling drie handel grotendeels oor die mense en hul pogings om agter die oorsake van hierdie epidemie te kom. R.J. Morris beklemtoon hierdie kenmerk van die mens in sy studie oor die reaksies op die cholera-epidemie (1831-1832) in Brittanje. Volgens Morris is dit in die menslike aard om gebeure te ontleed, sodat hulle verduidelik, beoordeel en miskien gekontroleer kan word - veral in gevalle van lewe en dood (p. 137). Hierdie gedeelte bied veral vir die sosioloog en die kultuurhistorikus 'n belangrike blik op die geestesgesteldheid van die bevolking van die Unie in 1918.

In die laaste afdeling kyk Phillips na die uitwerking van die epidemie op nasionale vlak. Bevindings van die kommissie wat die griepepidemie ondersoek het, word in vier en twintig tabelle weergegee en verklaar. Phillips waarsku wel dat die Unieregering van 1919 nie daartoe in staat was om elke sterfgeval op te teken nie. Daar is byvoorbeeld geen voorsieing gemaak om swart sterftes in die Oranje-Vrystaat en Zoeloeland op te teken nie. Die getal sterftes wat deur die kommissie beskikbaar gestel is, is die volledigste en indien sterfgetalle in ander lande korrek is, was Suid-Afrika een van die vyf lande wat die swaarste deur die epidemie getref is (p. 176). Onmiddellike gevolge op sosiale en maatskaplike gebied word uitgelig en daar word na voorsorgmaatreëls wat getref is om 'n tweede vlaag te verhoed, gekyk. Een van die belangrikste uitvloeisels van die epidemie is seker die wetgewing wat voorsiening gemaak het vir die skep van 'n nuwe aparte Departement van Gesondheid met verskeie primêre verantwoordelikhede en wetgewende magte (p. 206).

Ten slotte kyk Phillips na die betekenis van die Spaanse griepepidemie in Suid-Afrika.

Die indrukwekkende lys van amptelike en nie-amptelike, ongepubliseerde dokumente en persoonlike onderhoude is 'n duidelike bewys van die waarde van Phillips se navorsing. Sy gemaklike skryfstyl en die bladuitleg van die boek vergemaklik die leesbaarheid van die proefskrif. Die voetnote verskyn onderaan elke bladsy en voorkom dus 'n onnodige rondblaaiery.

Phillips slaag daarin om 'n balans tussen 'n akademiese en 'n meer populêre benadering te handhaaf. In sy proefskrif raak hy aan 'n wye verskeidenheid sosio-ekonomiese, maatskaplike en selfs politieke aspekte, wat hierdie studie meer algemeen van aard maak en nie aan die leser die gespesialiseerde inligting, waarna hy waarskynlik in 'n doktorale proefskrif soek, bied nie.

CECILIA KRUGER
*Suid-Afrikaanse Nasionale Museum vir Krygsgeskiedenis,*
*Saxonwold*

LEO BARNARD en DAN KRIEK (reds.)
*Sir De Villiers Graaff*
Pretoria: Digma Publications
1990
175 pp.
R39,00 (eksklusief)
ISBN 0-86984-973-5

Sir De Villiers Graaff was 29 jaar lank 'n Suid-Afrikaanse parlementslid, waarvan hy 21 jaar lank as leier van die amptelike opposisie, die Verenigde Party, opgetree het. In hierdie tydperk het hy van die mees traumatiese gebeure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, waaronder die verdwyning van die Verenigde Party, meegemaak. Dit is dus verstommend dat sy politieke loopbaan nog nooit die onderwerp van 'n biografie was nie. Om hierdie rede moet die huldeblyk, *Sir de Villiers Graaff,* onder redaksie van Leo Barnard en Dan Kriek, verwelkom word.

Die boek bestaan uit dertien opstelle deur akademici, vriende en voormalige kollegas van Graaff en handel oor die verskillende fasette van sy lewe as boer, hengelaar, soldaat, advokaat en politikus. Die treffendste opstel is dié van Gideon Jacobs, "Graaff the man", terwyl H. Kent se opstel, "The happy angler", ware leesgenot verskaf. Dan Kriek bied weer 'n goeie uiteensetting van Graaff se politieke visie. Saam slaag die onderskeie opstelle daarin om aan te toon dat Graaff 'n suksesvolle boer, advokaat en bekwame soldaat was wat nie weens persoonlike ambisie nie, maar uit 'n pligsbesef

teenoor Suid-Afrika tot die partypolitiek toegetree het en later die Verenigde Party se leierskap aanvaar het. Integriteit en eerlikheid is die belangrikste kenmerke van sy politieke loopbaan en sy grootste bydrae tot die Suid-Afrikaanse parlementêre politiek. Verder word die leser ook getref deur Graaff se waarskuwings oor die onuitvoerbaarheid en gevaar van apartheid, wat jare lank op dowe ore geval het. Dit is ook treffend dat talle van Graaff se idees vir die oplossing van Suid-Afrika se rassevraagstuk, wat met minagting deur die Nasionale Party verwerp is, later regeringsbeleid geword het. Die driekamerparlement is byvoorbeeld op sy idee van 'n rassefederasie gebaseer. Dit is 'n jammerte dat Graaff, een van die grootste here wat die Suid-Afrikaanse politiek ooit opgelewer het, nie die seremoniële staatspresidentskap gegun is nie. Dit is 'n pos wat hy met waardigheid sou gevul het.

Talle gebreke verminder die waarde van die boek. 'n Belangrike punt van kritiek is die swak redigering van die opstelle, wat wemel van foute. Op p. 2 word byvoorbeeld verwys na sir David Graaff en sy vrou Kotie, De Villiers se ouers, se pogings om die toestand van die vroue en kinders in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) te verbeter. Slegs twee bladsye verder word weer aangevoer dat sir David, tot op daardie tydstip 'n gevestigde vrygesel, op 5 Februarie 1911 met Eileen van Heerden in die huwelik getree het. Enkele bladsye verder (p. 20) is die huweliksjaar weer 1912. (Volgens die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II* is die huweliksdatum 5 Februarie 1913). Daar word ook na 'n tussenverkiesing in Bryanston verwys (p. 73), ofskoon hierdie kiesafdeling nog nooit een ervaar het nie. Verder word ook aangevoer dat die eerste minister H.F. Verwoerd op 7 September (p. 110) (en nie op 6 September nie) vermoor is.

'n Verdere aanduiding van swak redigering is die irriterende herhaling van besonderhede wat reeds in 'n inleidende biografiese opstel vermeld is. Sommige bydraes het weinig om die lyf en regverdig nie afsonderlike opstelle nie, terwyl die bydrae van J. van Lingen oor Graaff as spreker weer soveel besonderhede bevat dat dit vir die gewone leser onverteerbaar sal wees.

Alhoewel van Graaff se tekortkominge bespreek word, veral in Jacobs se opstel, wek dit tog die gevoel dat daar deur 'n te rooskleurige bril na hom gekyk word. Veral sy politieke leierskap kon meer krities benader gewees het. So word Graaff se pogings om partyeenheid te handhaaf as 'n hoogtepunt van sy loopbaan voorgehou. Tog was dit juis sy beheptheid met partyeenheid en die gepaardgaande afwesigheid van dinamiese leiding met visie en verbeeldingskrag wat 'n steriele en impotente party en die uiteindelike ondergang van die Verenigde Party tot gevolg gehad het. As 'n voorbeeld van die onkritiese benadering in die boek kan na die berugte "nota-debakel" van 1955 verwys word. Graaff was besig om 'n wetsontwerp heftig te opponeer toe 'n kollega 'n nota, "note for third reading", aan hom oorhandig het. Graaff het sydelings daarna gekyk en dit as "Vote for third reading" gelees en onmiddellik die Verenigde Party se steun aan die wetsontwerp toegesê. Tot groot verleentheid moes die amptelike opposisie hierdie blaps regstel. In sy opstel vertolk Vause Raw hierdie voorval as 'n voorbeeld van Graaff se lojaliteit aan 'n uiters verdeelde party. Vir die linkervleuel van die party, die latere Progressiewes, was dit weer 'n aanduiding van beginselloosheid en swakheid. Die uitsprake sou dus meer gebalanseer gewees het as 'n voormalige opponent soos 'n Helen Suzman, 'n M.C. Botha of joernaliste soos Alf Ries en Joel Mervis, van "13 Reasons Why Graaff Must Go"-faam, hulle opinie oor Graaff kon gelug het.

Nieteenstaande talle gebreke is *Sir De Villiers Graaff* wel 'n bydrae tot die Suid-Afrikaanse politieke geskiedskrywing. Dit kan egter gehoop word dat Graaff se memoires of 'n meer indringende biografie in die nabye toekoms sal verskyn.

F.A. MOUTON
*Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria*

SCHALK LE ROUX (red.)
*Plekke en geboue van Pretoria: 'n oorsig van hulle argitektoniese en stedelike belang, volume I*
Pretoria: Pretoria Argitektuurvereniging
1990
184 pp.
R25,00 (eksklusief)
ISBN 0-620-14593-5

In *Plekke en geboue van Pretoria* het die redakteur, S. le Roux, dosent in die Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria, 'n waardevolle verwysingsbron vir die bewaring van geboue in Pretoria daargestel. In die "Voorwoord" word gemeld dat hierdie publikasie die resultaat is van Pretoria se Argitektuurvereniging (P.A.V.) om daadwerklik by bewaring in die stad betrokke te raak. 'n Lystings-

komitee is gestig om bewaringswaardige geboue in Pretoria en omgewing te lys. Hierdie inligting kan dan aan die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (R.N.G.), die Stadsraad van Pretoria of enige instansie of ontwikkelaar beskikbaar gestel word om sinvol te implementeer. In die "Inleiding" stel die redakteur dit duidelik dat die resultaat nie volledig is nie, maar dat die werk en die publikasie nie eers aangepak kon word wanneer 'n ideale toestand bereik is nie. Dit is nie haalbaar nie, aangesien sloping teen 'n vinnige tempo plaasvind. Verder word dit vir kritiek oopgestel, aangesien heelwat leemtes bestaan. Hy spreek die hoop uit dat wyer betrokkenheid die werk in die toekoms sal vergemaklik.

Die publikasie word in vyf hoofstukke aangebied. Die eerste hoofstuk verduidelik die agtergrond vir die studie en die metodologie wat gevolg is. Dit is ironies dat bewaringsbewustes altyd net betyds of net te laat is om die vernietiging van geboue en terreine te keer. Drie vorige pogings sedert 1976 om geboue in Pretoria metodies te lys, word bespreek. Nie een van die projekte was van veel nut nie. Verder was die Stadsraad van Pretoria nooit geneë om by bewaring of beplanning vir bewaring betrokke te raak nie. Die taak sou dus by onafhanklike bewaringsorganisasies moes berus, maar nouer skakeling met die Stadsraad is geleidelik bewerkstellig. Die lysting van die suidoostelike kwadrant van die stad bepaal voorlopig plekke van belang en met verdere ondersoek en dokumentasie kan 'n wetenskaplik gefundeerde bewaringslys vir Pretoria opgestel word.

In hoofstuk twee word wesenlike verskille tussen registers en lyste verduidelik. Die register is 'n amptelike verantwoorde lys van nagevorsde en gedokumenteerde plekke, wat volgens vasgestelde kriteria as bewaringswaardig geag word. Lysting, dokumentasie en opnames dui op die stappe wat gevolg word in die daarstelling van 'n register. Wetgewing vir so 'n nasionale register as een van die amptelike pligte van die R.N.G. is so kort gelede as 1986 ingevoer. Die tekortkominge in die wet word uitgelig en die tekort aan mannekrag en fondse word aangeroer. Verder word die belang van so 'n register benadruk en die nasionale aard daarvan voorgestaan. Die noodsaak van vaste kriteria word uitgewys en 'n aantal teoretiese begrippe word ontleed.

Hoofstuk drie het dit ten doel om die beskikbare literatuur oor identifisering en lysting te ondersoek. Die twee soorte inligting wat verlang word, feitlike en afgeleide inligting, word verduidelik. Die inligting wat vir lysting verlang word, ooreenkomste en verskille word uitgelig. Heelwat aandag word aan die kriteria vir lysting gewy. Nuttig is die opsomming van inligtingspunte uit registers en lyste wat by die hoofstuk gevoeg is.

Vyf essays is in hoofstuk vier vervat, geskryf (en ongeredigeerd weergegee) deur persone, wat met die P.A.V.-lystingspoging gemoeid was, of wat in die kwaliteit van die stad belangstel. Daar word oor die argitektuur van die stad besin. Die verhouding waarin die stadskern tot sy omgewing staan, kom onder die loep, die roosterpatroonontwerp en hoedat daar met die topografie by stadsuitleg rekening gehou is en die verskillende argitektoniese strukture word bekyk. Die kultuurbeeld van Pretoria word van nader beskou. Pretoria word as 'n post-dorp ontleed en daar word oor die staat, godsdiens, opvoeding, sport, kuns en algemene leefwyse besin. Die Fonteine-ingang en die eerste indruk wat dit op besoekers maak, word aangeraak. Belangrik is die elemente wat vir paslike ontwikkeling uitgelig word. Hierdie losstaande elemente kan sinvol saamgesnoer en versterk word om konteks en historiese kontinuïteit te waarborg. Die suidoostelike kwadrant van Pretoria-Sentraal is die stadsdeel wat die vinnigste weens ontwikkelingsdruk verander. Die historiese agtergrond, plekstruktuur, stadsruimtes en strate word bekyk. Die lysting van die geboue vorm een van die basisse ten opsigte van ontwikkeling. Volgens die outeur is die buitekant van die geboue per slot van sake die binnekant van die stad. Met hierdie publikasie het die toekomstige ontwikkelaar 'n dokument in die hand wat hom op die stedelike kwaliteit en besondere bestaande argitektoniese voorbeelde kan wys. Samewerking tussen ontwikkelaars, bewaarders en die Stadsraad is onontbeerlik. Ten slotte word 'n historiese blik op Pretoria gewerp. In 1840 het die eerste bewoners hulle in die omgewing gevestig en later (1855) sou uit die kerkplaas 'n dorp ontstaan. Heelwat dramatiese momente is beleef, die stad het 'n militêre en opvoedkundige tradisie en op navorsingsgebied ding dit wêreldwyd mee. Die hoofsetel van baie rade, industrieë en nywerhede is in Pretoria gevestig. Reeds in die vorige eeu is begin om die kulturele erfenis van die volk in 'n staatsmuseum te versamel en sedertdien het talle ander museums ontstaan. Van die geslaagde en minder geslaagde standbeelde kom onder die loep. Aan die einde word die stadswapen ontleed en die vertroue uitgespreek dat Pretorianers die leuse op die wapen mag uitleef.

Die laaste hoofstuk, die lywigste (pp. 61-173), is beslis die nuttigste, want hierin verskyn die lys van geboue met foto-afdrukke van elke struktuur. Om die uiteindelike opsporing van die geboue te vergemaklik, is die middestad in blokke genommer (p. 62). Die suidoostelike kwadrant word begrens deur Paul Krugerstraat, Kerkstraat en die Apiesrivier. Die adres, erfnommer, huidige gebruik, 'n beskrywing en die belang van die geboue word so volledig moontlik gegee. Aan die einde van elke bespreking word die bronne wat geraadpleeg is, vermeld. 'n Magdom feite oor die struktuur word weergegee, argitekte vermeld en die moontlike nut van bewaring aangeraak. Die struktuur word in sy spesifieke styl geplaas, van Victoriaans, Eduardiaans, met Art Nouveau of Art Deco detail, stylvermengings, kommersiële argitektuur tot die strukture wat op geen mode of styl aanspraak maak

nie. Daar is ook herehuise (p. 152) en talle middelklas woonhuise (pp. 167-168). Die aanbouing by baie van die strukture dui op die vroeë verdigting in Pretoria (p. 166). Nog 'n belangrike stedelike verskynsel wat na vore kom, is die omskepping van geboue. Heelwat van die geboue het drastiese en onsimpatieke veranderings ondergaan. Sekere strukture is miskien nie van soveel belang nie, maar dit is belangrike tipologiese voorbeelde (pp. 153, 155, 165, 166). Sedert die opname het heelwat geboue voor die slopers geswig en die ekonomiese druk dui op 'n onseker toekoms vir nog talle geboue.

Met hierdie publikasie het die medewerkers verseker dat die geboue in 'n gedeelte van die middestad van Pretoria onder die leser se aandag kom. Waar kritiek geregverdig was, is dit nie verswyg nie (p. 144). Dokumentasie is deurgaans so eerlik moontlik gedoen. Positiewe eienskappe is uitgelig, al mag die terminologie vir die leek dalk 'n bietjie onverstaanbaar wees. Ongelukkig ontbreek 'n verklarende terminologielys. Klem is gelê op gedeeltes van strate, met hul geboue, asook die groen gebied om Burgerspark om nuttige bewaring en/of ontwikkeling toe te pas. Die setwerk is in twee kolomformaat op die regterkantse paginas gedoen. Ongeveer 250 swart en wit foto-afdrukke van 'n redelike goeie kwaliteit is links by die toepaslike inligting geplaas. Verduidelikende kaarte, diagramme, tabelle en bylaes verhoog die waarde van die publikasie. Die bibliografie verskyn op pp. 174-179. Ongelukkig kom daar talle set- en spelfoute voor en die konsekwente spelling van byvoorbeeld Van der Waltstraat is nie gevolg nie. Die publikasie is in A4-formaat in 'n sagte band gelym. Aangesien dit 'n verwysingsbron is, is dit jammer dat die bindwerk van 'n swak gehalte is, waardeur die rakleeftyd van die werk verkort word. Nogtans is dit 'n nuttige verwysingsbron, wat op die rak van bewaringsinstansies, argitekte, kultuurhistorici, ontwikkelaars en streek- en stadsbeplanners tuishoort.

'n Lystingsprogram is 'n deurlopende taak en die hoop word uitgespreek dat daar na 'n volledige dokumentering van die stad se geboue gestreef sal word. Soos in die Inleiding vermeld, is die benadering stedelik en argitektonies, waarin die visuele die belangrikste rol speel. Die ewe belangrike historiese, kultuurhistoriese, sosiale en maatskaplike kriteria behoort ook 'n regmatige plek in te neem. Kundiges behoort dit te ondersoek, te bepaal en by die lys te voeg om die waarde van die publikasie te verhoog. Volume een is onlangs deur volume twee opgevolg, waarin die noordoostelike kwadrant gelys is. Hierdie volume sal aan argitekte en belangstellendes bekendgestel word sodra sekere aanbevelings deur die Stadsraad gedoen en besluite geneem is.

'n Mens kan net hoop dat die publikasie daarin sal slaag om mense te motiveer wat dalk nuttige bydraes kan lewer.

JOEY WILMANS
*Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria*

J. WILMANS
*Geneespraktyke in Suid-Afrika tot 1900*
Pretoria: Nasionale Kultuurhistoriese Museum
1990
42 pp.
Prys nie vermeld nie
ISBN 0259-5567

In die vorige eeue, vanaf Van Riebeeck se tyd, het 'n uitgebreide volksgeneeskunde, veral op die platteland ontwikkel. Dit is deur volksoorlewering of -tradisie deur die leek toegepas, met 'n vaste geloof dat die middels sou werk. Dit het ontwikkel tot die sogenaamde "skoolgeneeskunde", waar praktyke en middels meer sistematies toegepas is.

Jan van Riebeeck was 'n "chirurgyn", maar het nooit in Suid-Afrika as een gepraktiseer nie. Mediese praktyk was in die begin uitsluitlik gebaseer op medikamente en prosedures soos bloedlating, die gebruik van bloedsuiers, purgeermiddels en klismas. Siektes soos skeurbuik, veral onder matrose, was algemeen. Epidemies van pokke, masels en disenterie het voorgekom. Hospitaalgeboue is aan die Kaap opgerig. Soos die koloniste dieper die binneland ingetrek het, het mediese dienste verswak en 'n sisteem van volksgeneeskunde en tuisverpleging het onder die leke ontwikkel. Afgesien van ingevoerde middels, veral van Duitsland, en middels wat smouse van skeepswrakke gekry het, het die koloniste kennis opgedoen van geneesmiddels voorberei van struike, plante en diere en kon hulle pleisters, salwe en infusies maak. Die blankes het baie geleer van die San en Khoi-Khoin en bygelowigheid het natuurlik gefloreer.

Baie geneeskundige praktyke het verband gehou met "toordery" of "besprekings". Beroemde sulke "praktisyns" was "ou Skoorbek" (Schörbeck) van Humansdorp, Sors de Beer van Pearston en Philip (Ou Ramkat) Botha van die Bosveld.

Plantname van kruie is soms van die Khoi oorgeneem, byvoorbeeld dagga en boegoe. Sommige name is deur die koloniste self gegee waar die spesifieke eienskap in die naam duidelik spreek, byvoorbeeld aambeibos, agtdaegeneesbessie, kankerbessie, koorsbossie en tandpynbessie of -wortel. Baie "boererate" is beskryf.

Warmbronne was gewild. Reeds vóór 1710 was die warmbron by Caledon bekend, later Brandvleibad by Worcester, asook ander soos die een by Aliwal-Noord wat al in die Voortrekkertyd gebruik is. Bygeloof het ook gehelp. Uiteindelik sou hierdie bronne in ontspanningsoorde ontwikkel.

Patente medisyne soos druppels, olies, poeiers, pille, balsems, salwe en essense is by baie huisapteke ingesluit en is soms met die badkuur gebruik. "Hallsche Medicamenten" was baie gewild. Baie huisapteke was ingerig met 34 van die vernaamste middels vanuit Halle in Duitsland. Berry Gray Lennon (1835-1877) het hom in Port Elizabeth in 1849 as leerling by 'n familielid, dr. Dunsterville, aangesluit, alles geleer van medisynes en verdowingsmiddels, later sy aptekerslisensie bekom en in 1854 apteke begin open. Na sy oorlyde het sy vrou die firma beheer en uitgebrei met die hulp van 'n assistent, Revell Fairclough. *Lennons* het 'n groot nywerheidsonderneming in Suid-Afrika geword en Lennon se middels, van balsemkopiva tot witdulsies, is vandag nog te koop!

Patente medisynekissies en trommels, meesal gevul met "wondermiddels" van kwaksalwers, is oral verkoop. Die beroepe van geneesheer en apteker het mekaar oorvleuel, maar uiteindelik het farmasie teen die einde van die 19e eeu opgehou om 'n empiriese diens te wees en het dit in 'n selfstandige wetenskap ontwikkel.

Homeopatie het in die vorige eeu in Europa gefloreer en het teen die middel van die eeu in Suid-Afrika posgevat. Middels soos tinkture en poeiers is in baie klein dosisse toegedien. Die middels is gereeld in kissies verskaf en daar is 'n afbeelding van so 'n kissie wat 176 flessies met verskillende druppels bevat het. Duitse sendelinge was bedrewe homeopate en baie huisapteke het uiteindelik 'n mengsel van patente medisyne, homeopatiese middels en kruiepreparate bevat.

Geneeskundige instrumente en boeke was beskikbaar. Bloedlaatinstrumente, stampers en vysels, skale, medisynemate, koorspenne, tandetrekkers, ooglasies en beenspalke was in gebruik. Mediese lektuur was baie skaars in die 19e eeu. Die mees bedrewe geneeshere en vroedvroue was Duitsers en mediese boeke was dus almal in Duits. Engelstalige boeke het wel met die 1820-Setlaars die land binnegekom. Ander boeke, meesal vir huisgebruik, is gedurende die eeu in Suid-Afrika gepubliseer, soos dr. F.L.C. Biccard se boek *Volksgeneeskunde voor Zuid-Afrika* (Kaapstad, 1866). Ander boeke was dié van o.a. J.F. Häszner, Lyman en J. Buchan en die *Ratgeber* van König. In 1890 verskyn mev. E.J. Dijkman se boek oor die kookkuns, waarin sy ook die gebruik van kruie as mediese middels bespreek. 'n Beroemde Africana-boek, *Hilda's where is it*, deur H.J. Duckitt, het in 1894 verskyn. 'n Boek oor verloskunde deur P.L. Busch het baie vroeër, in 1835, verskyn. Suid-Afrikaners het in die laat-negentiende eeu baie meer geneeskundige lektuur as in die vorige eeu gehad om hulle toe te rus.

Persone uit die gemeenskap het geprobeer om die leemte te vul wat bestaan het in geneeskundige dienste weens die uitgestrektheid van die land. Die ouvrouens (vroedvroue) het gaandeweg beroemdheid verwerf, 'n belangrike sosiaal-maatskaplike rol vervul en geneeshere het getrag om hulle beter op te lei. Suid-Afrika was die eerste land ter wêreld om vroedvroue in 1896 te registreer. In die 19e eeu het baie vrouens aan kraambedkoors gesterf, maar met die gebruik van karbolsuur ná 1865 het die gevalle drasties verminder. Die ouvrou beklee 'n spesiale plek in die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis, daar sy nie alleen vroedvrou was nie, maar ook raadgewer, sieketrooster, maatskaplike werkster en die kundige op rate, middels en gesinsorg - veral dan kindersorg.

Suid-Afrikaners kan terugkyk op 'n ryk kulturele erfenis, waaronder die tradisie van volksgeneeskunde soos dit oor meer as twee eeue ontwikkel het en 'n stewige fondament gelê het vir latere mediese praktyke.

C.A.R. SCHULENBURG
*Pretoria*

PAUL LANGFORD
*A polite and commercial people: England 1727-1783*
Oxford: Clarendon Press
1989
803 pp.
Prys nie vermeld nie
ISBN 0-19-822828-7

Hierdie boek, in 'n hardeband, is deel een van *The new Oxford History of England* onder die algemene redakteurskap van J.M. Roberts. In 1934 het deel een van *The Oxford History of England* onder sir George Clark as algemene redakteur verskyn. Soos destyds, kan ook die huidige individuele bande elkeen selfstandig staan, maar hulle vul mekaar gewis aan.

Wat betekenisvol is, is die stelling deur J.M. Roberts in die "General Editor's Preface gemaak. Dit is naamlik dat 'n historikus deesdae nie meer weet vir wie hy skryf nie. Hy weet ook nie wat die lesers verwag om in 'n geskiedenisboek te vind nie. Vroeër het historici geskryf soos en so goed as wat hulle kon, en die lesers het dit só aanvaar. Vandag verskil historici te veel van mekaar, en van die publiek wat betref die inhoud, vertolking en behoefte. Hy sien die nuwe reeks ook nie bloot as 'n versameling van besonderhede nie. Dit moet bundels wees waarin die bepalende faktore nie deur gewone feite verberg word nie. Nou, hierdie stelling kan net mooi enigiets beteken en miskien dáárom die groeiende kritiek deur die publiek.

Paul Langford, 'n genoot van die Lincoln-kollege, Oxford, beweer as skrywer eweneens dat historici nie meer weet wat die lesers wil hê nie. Vroeër jare is historici aanvaar en geglo en hulle het die terrein of tema of tydperk na eie oordeel ingedeel en vertolk. Vandag word alle rigtings van denke en onderwerpe by die Geskiedenis betrek. Om die waarheid te sê, die Geskiedenis self word betwyfel omdat dit as studierigting meer gekompliseerd, meer professioneel en meer 'n vak vol "giere en fieterjasies" geword het. Vermoedelik sluit hy dan maar by Roberts aan wat beweer: "Each author has been asked to bring forward what he or she sees as the most important topics explaining the history under study, taking account of the present state of historical knowledge, drawing attention to areas of dispute and to matters on which final judgement is at present difficult (or, perhaps, impossible) ..."

Dit is miskien nie 'n baie bemoedigende uitspraak oor die vak Geskiedenis nie, maar hierdie twee historici is minstens bewus van en eerlik aangaande die beeld en stand van die vak. Historici verdedig en verduidelik miskien net te veel en te lomp en te apologeties die suiwer bestaan of die aard van hul vak.

Hierdie publikasie bevat 'n algemene voorwoord deur Roberts, plus 'n voorwoord deur Langford wat vry nuttig is, en 'n hoofstuk 1 wat eintlik óók as 'n verdere soort voorwoord beskou kan word. Voorts is daar kaarte, tabelle, sketse, minder benutbare foto's, subhoofde, voetnotas, 'n register, inhoudsopgawe, 'n chronologietabel (pp. 728-739) plus 'n lywige bibliografie (pp. 741-766) van ongeveer vyfhonderd titels, wat boeke en artikels van 'n uiteenlopende aard insluit. Plek-plek word 'n soort evaluering in 'n enkele reël oor 'n bepaalde bron uitgespreek.

Die verskeidenheid van die boek is deels 'n bate en tegelyk 'n nadeel, want ongelooflik baie fasette word aangeraak en tog nie volledig ontgin nie. Dit maak van 'n veronderstelde gesaghebbende publikasie eerder 'n interessante leesboek oor agtiende eeuse Engeland - ofte wel die kernperiode tussen 1727 en 1783 wat koning Georg II, die Sewejarige Oorlog en die Amerikaanse suksesvolle stryd om onafhanklikheid wat onder meer ook *The Eighteenth Century 1688-1815* gelewer het (1976), insluit. Trouens, die skrywer Langford gaan byna alle veranderinge na in 'n era wat uiterlik, volgens hom, nie juis met veranderinge gekoppel word nie; dit gee voorts aandag aan die rol of invloed van minder bekende leiers en sake op talle vlakke.

Die outeur het dit in 14 hoofstukke oor onder meer die destydse aristokratiese regerings, wisselende politieke stabiliteit, deftige maniere, komplotte van verraad, massa-oproer, banaliteit, die verskeidenheid in die samelewing, armoede, misdaad, kleurgevoel, bevolkingsaanwas, militêre stryd, imperiale uitbreiding, tegniese en ekonomiese groei, ontspanning, die plek van kritiese belangstelling in vrouens, kinders, diere, slawe en bediendes, die kunste, Engelse meerderwaardigheid, oligargiese oorheersers, algemene godsdienstigheid en godsdiensverdraagsaamheid, verstedeliking, siekesorg, die beeld van die Engelse van hulself en die siening van hulle deur nie-Engelse, skynheiligheid en dubbele maatstawwe.

In veral die sosio-ekonomiese en politieke oorsig word ook dikwels verwys na die opkomende sentrale middestand en hul probleme, die kulturele veranderinge, die hoë graad van onsekerheid, die struktuur van die staatspatroon, nywerheidsomwentelings, belastings, evangeliese vernuwing, groei, uitbreiding en die onderwys - laasgenoemde tóe reeds 'n afdeling waar daar na sinvolheid en aanvaarbaarheid gesoek en gestreef is. Daar is 'n oppervlakkige verwysing na wetgewing rakende Jode in 1753/54, dit gaan om die steun van koning Georg III aan die nuwe Royal Academy, die posisie van Skotte en Kelte en vreemdelinge; mense wat nie altyd in die beweerde vryheid en verligtheid gedeel

het nie, en dit het te doen met prysstygings en naastediens.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die leser oor 'n besonder ryk, maar vry oppervlakkige beeld van Engeland in die middelste vyftig jaar van die 18de eeu sal beskik ná hierdie werk gelees is. Van so 'n standaard reeks word natuurlik eintlik veel méér verwag, tensy dit eerstens as leesstof vir 'n vry algemene publiek bedoel is.

Wat wel geslaagd na vore gebring word, is die ongelooflike ekonomiese groei vanweë die hoë industrialisering. En hierdie bedryfslewe dui nie net op handelsgroei nie, maar verteenwoordig die algemene vooruitgang en ontwikkeling van meer en meer Engelse in daardie tyd. En dít verklaar dan ook die titel van die boek - 'n gedagte wat reeds eietyds deur William Blackstone (1723-1780) uitgespreek is. Dit was blykbaar 'n vry algemene siening in daardie jare - natuurlik vóór groter grypsugtige imperialisme verdere beslag gekry het.

Engeland veral, hoewel plek-plek saam met enkele ander Westerse lande, was aan die voorpunt van hierdie totale ontwikkeling, besef van naastediens en vernuwing - al was dit nog redelik beperk en amper voorskriftelik. Antropologiese, ekonomiese en sosiologiese ondersoeke is onderneem. Verbruikersyfers is net so ywerig as vervaardigingstatistiek bestudeer. Hoër produksie het meer rykdom vir meer mense op 'n hoër lewenspeil beteken, met natuurlik, enorme sosio-kulturele gevolge op alles en almal. Die Engelse het hulle waarlik as lewendige, wedywerende mense op elke vlak en wat haas alles betref, onderskei. Dit het 'n volkskenmerk geword.

Teoreties was luuksheid, status en beskaafdheid vanweë hierdie benadering vir elkeen moontlik. Meer en meer belangstelling in boeke, veral werke oor geskiedenis, het dan ook toegeneem. Maar algaande het die te hoë streefsyfer 'n nuwe soort hartelooshied meegebring. Diegene wat ondergeskik was, is streng en bars gehanteer. Elkeen het wel deeglik sy plek in die snobistiese samelewing "ondertoe" geken, ongeag die sogenaamde begrip vir werkloses, armes, handlangers en die gewone burgery. Die "commercial people" se "politeness" het dus ... 'n angel bevat.

Dis onwaarskynlik dat hierdie boek voorgeskrewe studiemateriaal sal word omdat die hele aanslag te breed, te algemeen is. Maar dit bly aangename leesstof vir diegene wat hulle ten opsigte van 'n enkele land en tydperk wil oriënteer.

MARIUS SWART
*Universiteit van Port Elizabeth*

THOMAS NIPPERDEY
*Deutsche Geschichte 1866-1918, Band I: Arbeitswelt und Bürgergeist*
München: C.H. Beck
1990
885 pp.
R160,00

Thomas Nipperdey, gebore in 1927 en professor in Nuwe Geskiedenis aan die Universiteit van München, is geen onbekende in Suid-Afrika nie, want hy is in 1977 genooi om voordragte in die geskiedenisdepartement van die Universiteit van Pretoria en aan ander universiteite te hou. Een van sy voorlesings, wat internasionaal beroemd geword het, het oor die probleem van die objektiwiteit in die geskiedwetenskap gehandel. Dit is in sy *Nachdenken über die deutsche Geschichte* (München, 1986) gepubliseer en daarin het hy Ranke in eer herstel.

In 1984 het sy boek *Deutsche Geschichte, 1800-1866: Bürgerwelt und starker Staat,* 'n meesterwerk, verskyn - 'n boek wat 800 bladsye beslaan en met dié sleutelsin begin: "In die begin staan Napoleon." Eers die triomftog van dié veroweraar het die Duitse patriotisme oor die kleinstate se grense heen gewek. Eers Napoleon het die groot hervormings in Duitsland aan die gang gesit, wat die tydperk van 1800 en 1866 gestempel het. Aan die einde staan Otto von Bismarck, die ysterkanselier, in werklikheid eerder die plooibare *Real*-politikus, wat nuwe aksente aan die Pruisiese buitelandse politiek verleen het. Hy het die grondslag vir 'n verenigde Duitse nasie in die middel van Europa gelê wat nooit "wêreldpolitiek" moes gevoer het nie. Die jaar 1866 het, volgens Nipperdey, 'n besondere betekenis vir Duitsland gehad - die jaar ná die slag van Königgrätz, waarin die Duitsers oor die Oostenrykers getriomfeer het. Dit gaan om die Bismarckse stempel op die vrede, waarin hy teen die beginsel van die internasionale politiek in, afstanddoening van die Duitse verband moes toestaan. Dit het gelei tot die eerste verdeling van Duitsland. Oostenryk is van die ou Ryksgebied uitgesluit. Dit was, volgens Nipperdey, 'n tragedie, 'n model vir die daaropvolgende Duitse geskiedenis. Tog het die uitsluiting van Oostenryk ook positiewe gevolge gehad: die "nuwe" Duitsland kon tot "hervorming" oorgaan. Nipperdey se leesbare politieke geskiedenis verduidelik nie net historiese ontwikkelinge nie,

maar beskryf ook die groeiende industrialisering, die vooruitgang op die terrein van die wetenskap en tegniek, die opbloei van die kultuur en die mense van daardie tyd, wat tot in Nipperdey se tyd, nog gewag gemaak het van die "goeie ou tyd", wat onherroeplik verbygegaan het. Nipperdey het so glansend geskryf dat hy in 'n resensie van Wehler as die skrywer van "die boek van die jaar" benoem is en waarvoor hy 'n belangrike prys in Münster ontvang het.

Nipperdey het, nieteenstaande gesondheidsprobleme, in 1990 sy opvolgboek *Deutsche Geschichte 1866-1918 Band I: Arbeitswelt und Bürgergeist* uitgebring wat 885 bladsye beslaan. Hy is tans besig (in 'n rolstoel weens kanker) om aan die tweede band, wat oor die politieke ontwikkelinge in dieselfde tydperk handel, te werk. 'n Mens hoop dat hy gespaar sal bly om uitvoering aan sy groot taak te kan gee. Weens sy verhalende metode is sy eerste boek oor die Duitse geskiedenis van 1800 tot 1866 so goed deur die lesende publiek ontvang dat dit vier en daarna meer herdrukke beleef het.

Nipperdey se eerste band oor die Duitse geskiedenis tussen 1866 en 1918 is 'n meesterstuk van historiese vertelling, ànders as Hans-Ulrich Wehler se moeilik leesbare boek oor die Duitse samelewingsgeskiedenis. Die gewildheid van Nipperdey se geskiedskrywing lê in sy *verhalende* metode. Wie die boek lees, moet toegee dat dit vernuwend is: hy begin met die Duitse bevolking, familie, geslagte en generasies, die daaglikse lewe wat ete en drinke, kleding, woning, siekte, vryetyd, sport, toerisme, natuurliefhebbery, mentaliteit en lewensbeskouing insluit. Daarna gaan hy oor tot die landbou en die plattelandse samelewing, die industrie, handwerk en diensleweringe, die nasionale ekonomie in sy totaliteit, die lewe van die arbeiders en die sosiale vraagstukke.

Nipperdey skryf ook oor die nuwe middelstand, sosiale organisasie en politiek, die Jode en 'n klassesamelewing. Hy skryf oor die kerk en godsdiens, die opvoedingswese, die ontwikkeling in die wetenskappe, die skone kunste en die perswese. Dit is ongeloofIik dat één mens so wyd in die literatuur kon gelees het. Sy tipe arbeid is vir die historikus onvoorstelbaar - tensy 'n mens 'n soort ensiklopediese gees het. Nipperdey het vroeër reeds gepleit vir 'n antropologiese dimensie in die politieke geskiedskrywing. Daaraan het hy nou uitvoering gegee. Sy boek het wyd beroemd geword en word deur 'n geïnteresseerde publiek gelees en waardeer.

Ons wag met spanning op die Duitse politieke geskiedenis tussen 1866 en 1918, waaraan Nipperdey tans werk. Dit sal toon hoe 'n "moderne" politieke geskiedskrywing moet lyk; dít in die lig van die nuwe eise wat aan politieke geskiedskrywing gestel word. Tegelyk is die werk van Nipperdey 'n sprekende bewys dat politieke geskiedenis nie dood is nie. Dit beleef tans 'n terugkeer uit 'n jarelange ballingskap, maar dit is 'n "nuwe" soort politieke geskiedskrywing, ànders as dié van Ranke en sy skool - 'n geskiedskrywing wat gelees en waardeer word.

F.A. VAN JAARSVELD
*Pretoria*

JONATHAN STEINBERG
*All or nothing: the Axis and the Holocaust 1941-1943*
Londen en New York: Routledge
1990
320 pp.
£20,00 (eksklusief)
ISBN 0-415-04757-9

Oor die *Holocaust* het daar tot op datum reeds letterlik duisende boeke en artikels verskyn. Vir die meeste kenners van die *Holocaust* bly daar nog net die een tergende vraag onbeantwoord: het ses miljoen Jode werklik in die Nazi Derde Ryk se gaskamers om die lewe gekom, of is hierdie getal te konserwatief of te liberaal bereken? En eintlik speel die getalle geen rol nie, want dit is die ideologie agter die sistematiese vernietiging van die Europese Jodedom wat werklik problematies is. Hoe is dit eenvoudig moontlik dat 'n beskaafde volk soos die Duitsers tot die uiterste vorm van barbarisme kon verval het? Hierop is reeds soveel verklarings gebied dat die historikus eintlik net meer verward word, en dit is duidelik dat daar waarskynlik nooit 'n finale verklaring sal kom nie.

Die onderhawige werk van Steinberg het ook die *Holocaust* as uitgangspunt, maar hy plaas die klem op 'n aspek wat tot dusver nog net rakelings deur geskiedskrywers aandag geniet het, naamlik die Spil-moondhede en die massamoord van miljoene Jode tussen 1941 en 1945. Steinberg probeer die kernvraag beantwoord, naamlik waarom Hitler se Italiaanse bondgenoot geweier het om die Jode in sy besette Balkangebied aan die Duitsers vir uitwissing uit te lewer.

*All or nothing* word in twee duidelike afdelings verdeel. In die eerste afdeling verhaal die skrywer die toestande in die Italiaanse besette Europa en die Balkan (dele van Frankryk, Kroasië, die Dalmasiese

kusgebied en Griekeland). Hy toon byvoorbeeld aan dat die Italiaanse leier, Mussolini, hoegenaamd geen beswaar gehad het dat die Jode onder sy toesig aan die Duitsers uitgelewer word nie. Trouens, Mussolini het self in sy groot en onmiskenbare handskrif die opmerking gemaak *nulla osta* (geen beswaar). Tog, in weerwil van die feit dat die Italiaanse leier geen beswaar gehad het teen die uitlewering van die Jode nie, is sy bevele deur sy generaals verontagsaam en is duisende Jode onder Italiaanse beskerming van 'n gewisse dood gespaar. Die verhalende deel van die werk is boeiend en laat geen twyfel nie dat 'n knap vakman hier aan die woord is.

In die tweede helfte van die boek poog Steinberg om op 'n meer teoretiese vlak 'n verklaring te soek vir die feit dat die Jode onder Italiaanse beskerming met hulle lewens daarvan afgekom het. Hierdie is ook die mees problematiese deel van die werk, aangesien dit op redelike veralgemenings steun. So beweer die skrywer onder meer dat die gebrek aan 'n liberale tradisie in Duitsland een van die belangrikste redes was waarom Hitler sy ondergeskiktes van die korrektheid van sy optrede kon oortuig. Die lang Hegeliaanse tradisie in Duitsland om ontsag vir gesag te toon, het ook op die duur tot die uniekheid van die Duitse misdade bygedra.

In Italië was die posisie heeltemal anders. Italië, toon die skrywer aan, het 'n lang liberale tradisie gehad en die blote feit dat die setel van die Rooms-Katolieke Kerk in hierdie land is, het die Italiaanse fasciste nooit die onbelemmerde vryhede van die Duitsers toegelaat nie. Daar moet steeds in gedagte gehou word dat Mussolini nooit oor die absolute mag in Italië beskik het nie. Hy moes voortdurend met die gesag van die pous en die koning rekening hou. Voorts meen die skrywer dat die Italianers se lang tradisie van beskawing hulle eweneens van 'n soortgelyke optrede teenoor die Jode weerhou het. Bowendien was die Italiaanse Jode baie meer in die samelewing geassimileer as wat dit die geval in Duitsland was.

Dit word vandag algemeen aanvaar dat Hitler 'n besondere bewondering vir Mussolini gehad het, ongeag al die flaters wat die Italiaanse leier begaan het, soos onder meer die ongevraagde inval in Griekeland in Oktober 1940. Vir Hitler was dit 'n uiters ongemaklike situasie, want hy wou nooit die oorlogsterrein na die Balkan uitbrei nie, juis omdat hy bevrees was dat die Britte die Middellandse Seegebied vir 'n sogenaamde tweede front teen die Spil-moondhede sou gebruik. Boonop was Hitler bevrees vir probleme met Roemenië, sy hoofbron van olie vir die oorlogspoging. Hoewel Hitler dus steeds geprobeer het om druk op Mussolini uit te oefen om die Jode aan Duitsland uit te lewer, wil dit voorkom asof hy terselfdertyd nie sy verhouding met Mussolini onnodig in die gedrang wou bring nie.

Hierdie studie toon opnuut aan op watter wankelende pote die verbond Rome-Berlyn werklik gestaan het. Vir die Duitsers was die Italianers vir die duur van die oorlog veel eerder 'n meulsteen om die nek as iets anders. In hoegenaamd geen opsig het Italië die Duitse oorlogspoging werklik vergemaklik nie - selfs nie in Hitler se obsessie met die uitdelging van die Europese Jodedom nie.

Steinberg se studie vorm 'n baie interessante nuwe bydrae tot ons huidige kennis van die *Holocaust*, maar terselfdertyd gee dit die leser ook 'n nuwe perspektief op die eienaardige Duits-Italiaanse bondgenootskap gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Hierdie werk hoort op die rakke van alle universiteitsbiblioteke.

WERNER SCHELLACK
*Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria*

HANS RENNER
*A history of Czechoslovakia since 1945*
Londen en New York: Routledge
1989
200 pp.
£25,00 (eksklusief)
ISBN 0-415-00363-6

Die spoed waarmee gebeurtenisse in Oos-Europa oor die afgelope agtien maande voltrek is, het die historiese gemeenskap totaal onkant gevang. Vertolkings van gebeure wat reeds vir dekades as byna vanselfsprekend aanvaar is, het meteens aan relevansie verloor en selfs die jongste publikasies oor Oos-Europa is met hulle verskyning eensklaps "verouderd" en in baie gevalle selfs onbruikbaar. Die onderhawige werk van Hans Renner, 'n Nederlander met sterk Tsjeggiese bande, is geen uitsondering

nie. Toe sy boek in 1989 verskyn het, was Tsjeggo-Slowakye, soos sy sosialistiese buurlande, weliswaar reeds in die gistingsproses wat tot die groot rewolusie van 1989 gelei het, maar die skrywer kon uiteraard nie die omvang van die komende veranderinge in sy werk voorsien nie en daarom is dit jammer dat hierdie waardevolle monografie oor die naoorlogse Tsjeggo-Slowakye nie net 'n jaar later geskryf is nie.

Hoe dit ook al sy, Renner gee in 'n beknopte oorsig van nagenoeg 160 bladsye die hoogtepunte van die naoorlogse Tsjeggiese staat weer. Dit is nie 'n volledige geskiedenis van Tsjeggo-Slowakye nie en talle sosiale en ekonomiese vraagstukke word geheel en al buite rekening gelaat. Merendeels fokus die skrywer, met 'n groot mate van reg, op die lotgevalle van die Tsjeggiese Kommunistiese Party sedert die staatsgreep in 1948 tot en met die laat tagtigerjare en die eerste tekens van *perestroika* en *glasnost* in hierdie kommunistiese staatjie in die hart van Europa.

Afgesien van die omstrede kommunistiese oorname van Tsjeggo-Slowakye in 1948, vorm die gebeurtenisse wat tot die onderdrukking van die sogenaamde "Praagse Lente" (Augustus 1968) gelei het, die spil waarom hierdie werk draai. Inteendeel, die skrywer bou sy drama op rondom die afloop van die kommunistiese oorname, die dood van Klement Gottwald in 1953, de-Stalinisasie en die langsame oorgang tot liberalisering, wat dan op die "Praagse Lente" uitloop. Die werk is vlot en leesbaar geskryf, maar daar word nie juis veel nuwe onthullings gemaak nie. Die stof is oor die algemeen reeds bekend. Hiervoor kan die skrywer nie eintlik verkwalik word nie, aangesien hy geen toegang tot die amptelike dokumente gehad het nie. Die volle verhaal sal waarskynlik nou eers geskryf kan word en dit behoort interessant te wees om te sien hoe dié verhaal gaan verskil van die kennis waaroor ons tot op hierdie tydstip beskik.

Vir die meeste buitestanders is Tsjeggo-Slowakye nog steeds daardie "far away country" (Neville Chamberlain) waarvan weinig kennis dra en waarin min belangstel. Geskiedenisstudente maak bloot sporadies met hierdie landjie kennis (die Sudete-krisis van 1938, die kommunistiese oorname van 1948 en die "Praagse Lente" van 1968) en dan nie soseer om iets meer oor Tsjeggo-Slowakye te wete te kom nie, maar eerder om die optrede van die Europese grootmoondhede te verklaar. Renner se werk fokus op Tsjeggo-Slowakye, die land en sy mense, en lewer dus 'n waardevolle bydrae tot ons kennis van Tsjeggo-Slowakye self en nie as onderafdeling van internasionale betrekkinge nie.

Oor die algemeen verantwoord die skrywer sy gegewens op 'n objektiewe en onbevange wyse. Dit is veral verblydend om te lees dat hy nie, soos talle ander skrywers, sonder meer Benes se optrede teenoor die Sudete-Duitsers as 'n noodsaaklike maatreël regverdig nie. Trouens, die skrywer wys daarop dat die verpligte verdrywing van die Sudete-Duitsers (en dit geld eweneens die Magjare) en die wreedheid waarmee dit gepaard gegaan het, bloot die saak van die kommuniste versterk het en beslis indirek tot die kommunistiese oorwinning in 1948 bygedra het. Verder skroom hy nie om daarop te wys dat Benes se beleid van brugbou tussen "Oos en Wes" naïef en onrealisties was.

Oor een saak tas die skrywer beslis in die donker, naamlik Brittanje se verhouding met die vooroorlogse Tsjeggiese staat. Op p. 2 verwys Renner na die Münchense ooreenkoms tussen Frankryk, Brittanje, Italië en Nazi-Duitsland waarkragtens die Sudete-gebied aan Duitsland oorhandig is. Hy beskuldig dan Frankryk en Brittanje daarvan dat hulle hulle klein bondgenoot sonder stamp of stoot aan Hitler oorhandig het. Die skrywer vergeet blykbaar dat Brittanje (en juis dít het die groot kritiek op die Britse hantering van die Sudete-krisis uitgelok) hoegenaamd geen formele bondgenootskap of enige ander ooreenkoms met Tsjeggo-Slowakye gehad het nie. Frankryk en Sowjet-Rusland was die Tsjegge se bondgenote. Brittanje is deur Frankryk by die Tsjeggies-Sudete geskil betrek.

Alles in ag geneem, gee hierdie boek 'n waardevolle en nuttige oorsig van die naoorlogse geskiedenis van Tsjeggo-Slowakye. Soos aan die begin opgemerk, sal hierdie werkie in die lig van die ingrypende veranderinge in Oos-Europa waarskynlik nie die toets van die tyd deurstaan nie en sal 'n meer volledige geskiedenis van Tsjeggo-Slowakye beslis nog geskryf moet word.

WERNER SCHELLACK
*Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria*